# Kimberley se flaminke bedreig deur stygende water[...]

■ HANNATJIE VAN DER MERWE

KIMBERLEY. – Groot kommer bestaan oor die voortbestaan van Kimberley se wêreldbekende kleinflaminke van Kamfersdam buite die stad.

Buiten ander bedreigings, is die lede van die Red-die-Flaminke-vereniging bekommerd oor dié dam se watervlak wat so erg styg dat dit die eiland hier en die spoorlyn kan oorstroom – weens rioolwater wat hier ingepomp word.

Die minister van waterwese en omgewingsake word ook weer gevra om hier in te gryp.

Mnr. Peter Hohne, besturende direkteur van Ekapa Mining en voorsitter van die veldtog, sê: "Ekapa Mining het tot dusver reeds sowat 5 000 sandsakke om die eiland gepak."

As die watervlak voortgaan om te styg, kan dié dringende maatreëls futiel wees omdat dit moontlik is dat die eiland teen Oktober heeltemal oorstroom kan wees – met die begin van die somerreënseisoen.

Luidens 'n verklaring van die Red-die-Flaminke-vereniging gaan vir hersiening gevra word van die afwysing van die appèlle teen die beplande Northgate-ontwikkeling hier.

Die Noord-Kaapse departement van toerisme, omgewingsake en natuurbewaring en die LUR van dié departement sal hul omstrede besluit om die groen lig vir dié ontwikkeling (met 70 voorwaardes) te gee, in die hof moet verduidelik, sê die verklaring.

Die appèlle van die Northern Cape Ranchers Cc., Wessa Noord-Kaap, die Red-die-flaminke-vereniging en BirdLife Suid-Afrika is van die hand gewys.

Die kunsmatige broei-eiland hier is die enigste in sy soort vir kleinflaminke in Suid-Afrika, een van vier plekke in Afrika en een van ses in die wêreld.

**Verlede jaar het sowat 9 000 kuikens hier uitgebroei. Dit was die eerste in sy soort in die geskiedenis van dié spesie in Suid-Afrika.**

Dr. Mark Anderson, uitvoerende direkteur van BirdLife Suid-Afrika, sê die sukses met die broeiery het voortgegaan en sowat 13 000 kuikens het verlede somer hier uitgebroei.

Dit beteken kleinflaminke het nou twee agtereenvolgende jare hier gebroei, iets wat selde by ander broeiplekke gebeur.

Kamfersdam kan al hoe belangriker vir die bewaring van die bedreigde kleinflamink word.

Dié projek wat Ekapa Mining begin het, het plaaslik en internasionaal erkenning gekry en drie eerbewyse ontvang.

Luidens dié verklaring is die twee bedreigings van dié vleiland en die kleinflaminke die beplande Northgate-behuisingsontwikkeling met sowat 6 000 eenhede 'n paar honderd meter van dié internasionaal belangrike vleiland, en die Homevale-rioolaanleg waarvandaan byna net onbehandelde rioolwater in Kamfersdam gepomp word.

Kundiges is gevra om die water van die dam te ontleed. Die uitslae was skokkend.

Dr. Jan Roos van Bloemfontein, 'n deskundige van watergehalte, het bevind baie hoë vlakke van coliformbakterieë in die water dui aan dat gevaarlike siektekieme aanwesig kan wees, en dit kan die gesondheid van die flaminke en die mense van dié omgewing beïnvloed.

**Dié vereniging het weer vir me. Buyelwa Sonjica, minister van waterwese en omgewingsake, skriftelik gevra om in te gryp en te verseker die probleme rondom die gehalte van dié water kry aandag.**

**"Dit lyk nie of Kimberley se Sol Plaatje-munisipaliteit die kundigheid of die geld het om die probleme rondom die agteruitgang van die watergehalte op te los nie."**

**Kamfersdam kan ook 'n belangrike plek vir ekotoeriste word om na die flaminke te kom kyk wat belangrik vir die stad se ekonomie kan wees.**

■ **Lees ook berig op bl. 6.**

## Flaminke: Skorsing opgehef

■ HANNATJIE VAN DER MERWE

KIMBERLEY. – Die skorsing van mnr. Julius Koen, 'n wetenskaplike by die Noord-Kaapse departement van omgewingsake en natuurbewaring, is ná 'n jaar opgehef.

Die Noord-Kaapse departement van toerisme, omgewing en bewaring het gister in 'n kort verklaring gesê Koen is in Augustus 2008 met volle voordele geskors hangende 'n ondersoek na klagtes ontvang met verwysing na die sogenaamde Northgate-ontwikkeling. "Die ondersoek is voltooi. Sy skorsing is opgehef. Dié werknemer is versoek om hom vir diens aan te meld terwyl die saak gefinaliseer word."

Dit is bekend dat Koen, adjunkdirekteur: bewaring, asook mnr. Eric Hermann van wetenskaplike dienste, op 11 Augustus 2008 met volle voordele geskors is omdat hulle na bewering by die veldtog vir die red van Kimberley se kleinflaminke betrokke was.

Hermann is reeds verlede jaar terug werk toe.

Dr. Mark Anderson, ornitoloog, wat ook geskors is, het hierna die uitvoerende direkteur van BirdLife Suid-Afrika geword.

Anderson, voormalige spesialis-natuurbewaringswetenskaplike in dié departement, het op 11 September verlede jaar skriftelik bedank weens dié departement se optrede teen hom wat voortgesette werk vir dié departement onuithoudbaar gemaak het.

Hy het intussen ook 'n geding in die hooggeregshof teen die LUR en departementshoof van toerisme, omgewing en bewaring in die Noord-Kaap gewen.

Hulle is skuldig bevind aan minagting van die hof omdat hulle ondanks 'n hooggeregshofbevel met 'n tugverhoor teen hom voortgegaan het.

Intussen is daar nog groot kommer oor die beplande groot Northgate-ontwikkeling naby Kamfersdam net buite die stad waar 'n kunsmatige broei-eiland vir die nou reeds wêreldbekende bedreigde kleinflaminke van Kimberley is, asook oor rioolwater wat hier ingepomp word. Die Red-die-Flaminke-vereniging doen alles moontlik om dié flaminke se toekoms te verseker.